

**Sondag, 28 Maart 2021**  
**Fokusteks: Filippense 2:5-11**

Martin Luther, een van ons vroeë kerkvaders, het by geleentheid gesê dat daar van ons as gelowiges niks anders gevra word as hierdie een ding - *elkeen van ons moet 'n christus vir mekaar wees*. Die bedoeling is naamlik dat ons teenoor mekaar moet optree soos wat Jesus teenoor ons sou optree. Die vraag is egter, kan 'n mens regtig 'n christus vir iemand anders wees? Is daar waarheid in Luther se stelling? Kan jy regtig vir iemand anders doen wat Jesus vir jou gedoen het? Wel, nee en ja.

Enersyds sal ons moet sê, nee, jy kan nie regtig vir iemand anders 'n christus wees nie. Die boodskap van die Bybel leer ons tog dat daar net één Christus was. Dink bietjie daaroor: jy kan nie die sondes van die mens op jou neem nie. Jesus het dit reeds op Hom geneem. Jy kan nie sterf vir die verlossing van die mens nie, Jesus is die enigste wat dit kon doen. Ons kan nie soos Christus in iemand anders se plek gaan staan nie. Ons kan in elk geval nie in Jesus se plek gaan staan nie, want Hy het in óns plek kom staan. Ons hoef Hom nie te verteenwoordig nie, want Hy verteenwoordig óns by die Vader. Ons kan nie die verlossingswerk wat Christus reeds gedoen het, gaan óór doen by ander mense nie. Net Jesus is die Redder en Bevryder. Dit sien ons in verse 6-11.

Hierdie verse is 'n vroeë geestelike lied wat deur die Christene gesing is. En dit vertel van die unieke lydenspad wat Jesus geloop het, en wat net Hy kon loop. Dit eindig met die feit dat Jesus verhoog is en waar sy Naam uiteindelik deur almal erken sou word as die Here. In hierdie lied sien ons hoedat Jesus vrywillig tree vir tree 'n pad van vernedering geloop het, maar hoedat Hy ook vir ons opgewek en verheerlik is.

Jesus se pad van lyding is soos 'n stel trappe wat al dieper in die donkerte afgaan.

- *Jesus het Hom eerstens verneder deur van sy Goddelike gestalte afstand te doen* (vers 6). Hy, wat al die eienskappe en kenmerke van God besit het – in besonder die heerlijkheid van God - het nie daaraan vasgeklem nie. Jesus het nie sy bevoorregte posisie gebruik om die lydensweg te vermy nie, maar het uit vrye liefde gekies om 'n pad van pyn en verwerping te loop ter wille van die redding van die mens en vergifnis van sonde.
- Hy was bereid om Homself *vrywillig te verneder* deur die gestalte van 'n *slaaf* aan te neem (vers 7). Die letterlike betekenis van die woord, *verneder*, is “om leeg te maak.” Dit is 'n leegmaak van sy hemelse voorregte en status. Dit is soos iemand wat nie probeer staatmaak op sy goeie reputasie nie. Vergelyk dit met die Griekse godedom van daardie tyd. Daar is geglo dat die gode soms die gestalte van 'n mens aangeneem het, sonder om hul verhewe status prys te gee. Dan kon hulle, vermom as 'n mens, hul selfsugtige doelwitte bereik en magsugtige planne uitvoer, dikwels ten koste van die mense. Daardie gode het net gedoen wat vir hulself voordelig was. Christus is anders as die Griekse gode. Jesus gee sy hemelse voorreg prys. Hy kom nie as 'n magtige Koning nie, maar as 'n nederige dienaar (slaaf). Gedurende sy aardse bestaan is Hy afhanklik van sy Vader se mag, en hierdie mag sal gebruik word vir omgee en liefde. Vir genesing en vergifnis, vir voete was en nederige diens.
- Vers 8 wys op nog 'n trappie dieper in die donker pad van lyding in. Tot in die dood. Let wel, Hy het vrywillig gesterf. Dit was so bedoel en Hy het nie van sy Vader se wil afgewyk nie. Weer eens is dit in totale kontras met die Griekse gode. Hulle dink net aan hulself en sal nooit oorweeg om hulself te offer deur te sterf nie. Maar Jesus wys hoe die ware Christus lyk - iemand wat bereid is om 'n prys te betaal vir ander se sonde.
- Nog 'n trappie af in die doodsval is die *tipe dood* wat Jesus sterf. Hy was nie net bereid om namens die mens vir die sonde te sterf nie, maar dit gebeur aan 'n kruishout. Om aan 'n kruishout te sterf was 'n skande. Dit is ook gesien as 'n vervloeking van God. Groter en dieper lyding as dit kan daar nie wees nie.

As ons al hierdie dinge van Jesus se lydenspad in ag neem, is dit verstaanbaar as ons sê dat dit aan die een kant nie moontlik is om 'n Christus vir iemand anders te wees nie, want net Jesus alleen kon daardie unieke lydenspad stap.

Aan die ander kant is Luther se stelling tóg waar, maar dan in 'n ander sin. Jesus het die lydensweg gevolg soos wat in hierdie lied besing word. Hy het dit gedoen om van ons nuwe mense te maak. So skryf Paulus op 'n ander plek, 2 Kor. 5:17 - *Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.* As ons daaraan dink dat Jesus Homself so volledig gegee het, dan word die persoon wat dit in dankbaarheid aanvaar, se lewe totaal anders en nuut. Die ou lewe met die ou gewoontes word afgelê en voor ons lê daar nuwe lewensmoontlikhede. Vroeër was dit onmoontlik om 'n nuwe lewe te leef, maar Christus se lyding en sterwe aan die kruis maak dit nou vir ons moontlik om Hom met toewyding te volg. Sy Gees skep in ons die begeerte om aan God se wil gehoorsaam te wees. Dit is nie meer 'n las nie, maar 'n vreugde. Een van ons ander kerkvaders, Augustinus, het 'n aangrypende gebed gebid wat ons help om ons nuwe lewe in Christus te verstaan. So het hy gebid: *“Gee wat U vra, en vra dan net wat U wil.”* Na alles wat Jesus vir ons gedoen en bereik het, word dit nou maklik wat die Here van ons in sy Woord vra. Dit is omdat Hy ons eers gee, eers verander, eers vry maak, eers verlos.

God vra nie van ons iets wat Hy nie alreeds aan ons gegee het nie. In vers 1 word daar vier dinge genoem wat reeds aan die gelowiges gegee is:

- Die troos in Christus
- Die aansporing deur die liefde
- Die gemeenskap deur die Gees
- Die innige meegevoel en meeleving

Noudat God hierdie dinge aan ons gegee het, vra Hy dat ons dit sal benut om die nuwe lewe voluit te leef en om ons naaste vrylik te bedien. Hoe lyk hierdie lewe op 'n meer konkrete vlak? Lees verse 3-5:

<sup>3</sup> *Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.*

<sup>4</sup> *Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander.*

<sup>5</sup> *Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:*

Ons moet gedurig bedink wat Christus vir ons gedoen het en ons moet ons lewens daarvolgens inrig. Dan word my lewe *Christus-in-my*. Nee, ek kon nie die lydenspad loop wat Jesus geloop het nie, maar wanneer Christus in my is, kan ek wel met sy gesindheid leef van nederige diens en opofferende liefde. En in daardie sin kan ek dan 'n *Christus vir ander* wees. Dit is iets wat ons veral nodig het in 'n tyd waar menseverhoudings so broos en gespanne is in ons land. Ons is agterdogtig en wantrouedig teenoor mekaar. Ons word angstig oor die toekoms. Dit maak ons huiwerig om in liefde en met respek op te tree. Maar kinders van die Here het niks om te verloor nie. Ons het in Christus alreeds alles ontvang en dit kan nie van ons weggeneem word nie. Hou eerder aan om die gesindheid van Jesus konkreet en prakties te leef.

Martin Luther het ook ander stellings gemaak waaroor ons, in die lig van hierdie teksgedeelte, gerus kan nadink. In 'n werk wat gaan oor die *vryheid van 'n Christen-mens* maak hy twee stellings wat lyk asof dit heeltemal teenstrydig met mekaar is:

- 'n Christen is volkome vry, 'n heer oor alle dinge en aan niemand of niks onderworpe nie.
- 'n Christen is 'n diensvaardige knecht van almal en aan almal onderworpe.

Die eerste stelling sluit aan by die lied in Fil.2:6-11 wat gaan oor alles wat Jesus vir ons gedoen het deur sy lyding en sterwe. Ek deel nou in sy heerlijkheid en oorwinning. Ek is onder niemand en niks anders se beheer nie. Hy het my vrygemaak en ek staan slegs onder sy beheer. Die tweede stelling weerspieël verse 1-5.

Omdat ek deur Christus vrygemaak is (ook van myself!) en alleenlik onder sy beheer staan is ek nou vry om my medemens met die liefde en gesindheid van Jesus te bedien. Ek kan dit doen want Hy maak dit vir my moontlik.

Die Filippense moet leef soos wat hulle sing! Soos wat hulle oor Jesus se nederige, selfopofferende diens aan hulle gesing het, so moet hulle in dieselfde gesindheid van Jesus teenoor mekaar en ander mense leef. Dit is wat die Here steeds vandag van ons vra. Maar onthou, hierdie dinge wat Hy van ons vra, het Hy alreeds aan ons gegee! So, dit is moontlik om met die gesindheid van Jesus te leef! Mag die Here vir ons daartoe help.

### **Seëngebed**

Mag die liefde van die Here Jesus ons na Hom toe trek.

Mag die krag van die Here Jesus ons sterk maak in sy diens.

Mag die vreugde van die Here Jesus ons vervul.

Mag die seën van die Almagtige God, die Vader, Seun en Heilige Gees tussen ons wees en vir altyd bly.

Amen

(Outeur: William Temple (1881 -1944))